

# 2026
# PREDIKANTE SAAMKOMS

## Digitale gids

- Inleiding
- Logistieke reëlings
- Goudini oord
- Nood info
- Vrywaringsvorms
- Paklys
- Vervoerreëlings
- Aankoms & registrasie
- Kommunikasie tydens SAAMkoms
- Koffie & Tee
- Ete-reëlings
- Week se program
- Uittekenproses

Die SAAMkoms nooi jou uit na 'n tyd van rus, ontmoeting en viering. In ons SAAMwees lê bemoediging en vreugde wat ons aanmoedig om te volhard in ons roeping. Tog sou hierdie SAAMrus oppervlakkig en leeg wees as Jesus nie ons middelpunt is nie. Daarom kry jy die geleentheid om, deur die bewegings van Jesus se lewe en bediening, jou roeping opnuut te ontdek en jou passie vir Sy koninkryk te hernu.



Terug na inhoud

# Logistieke Reëlings

Plek: ATKV Goudini Spa, Rawsonville

Datum: 24 – 28 Augustus 2026

# Goudini Oord

**Webtuiste:** Loer na hul webtuiste hier

## Belangrike Oordreëls

- Rook in die verblyfeenhede is streng verbode.
- Verblyfeenhede word daagliks skoongemaak, behalwe op Sondae.
- Geen troeteldiere word toegelaat nie, met die uitsondering van gidshonde.
- Geen musiek vanaf motorvoertuie of privaat klankstelsels/-toerusting word by die oord toegelaat nie. Wees asseblief bedagsaam teenoor ander gaste deur die geraasvlak so laag as moontlik te hou.
- Stilte moet tussen 22:00 en 07:00 gehandhaaf word.
- Geen motorfietse word by die oord toegelaat nie.

## Area en Klimaat

Die Breederiviervallei in die Wes-Kaap word in Augustus gekenmerk deur koel wintersdae en matige dagtemperature. Reënval kan voorkom wanneer kouefronte oor die Wes-Kaap beweeg. Besoekers moet voorbereid wees op wisselvallige weer en warm klere, 'n winddigte baadjie en 'n sambreel saambring.

Terug na inhoud

## Wi-Fi

Die oord beskik oor gratis Wi-Fi. Weens die groot aantal gebruikers en wisselvallige internetverbindings kan 'n stabiele verbinding egter nie deurgaans gewaarborg word nie.

## Oordgeriewe

- Kiosk
- Onderdak verhitte swembad
- Opelug verhitte swembad
- Opelug koue swembad
- Waterglybaan
- Mini-golf
- Volleyball
- Staproetes

# Nood-Info

In geval van nood of ernstige siekte, stel dadelik vir **Maartje van der Westhuizen (072 375 3965)** in kennis wat jou met die korrekte hulpbronne in kontak sal bring.

Terug na inhoud

# Vrywaringsvorms

**1. ATKV Goudini Spa:** Hierdie vorm moet vooraf voltooi wees teen 21 Augustus 2026.

Voltooi die vorm hier

By Besprekingsnommer op die vorm, vul in :
SAAMKOMS2026

**2. VIA TV:** 'n Elektroniese vrywaringsvorm word die aand van die Saam in Lof Produksie voltooi om toestemming te verleen dat beeldmateriaal van die produksie en die gehoor op TV uitgesaai mag word.

Terug na inhoud

# Paklys

Hier is ‘n paar items wat ons wil voorstel dat jy inpak om jou week so glad as moontlik te laat verloop:

- Drag: informeel deur die week en “smart casual” vir Donderdagaand se Saam in Lof Produksie.
- Daar is ‘n moontlikheid van reën; bring gerus ‘n reënjas en sambreel saam.
- Gemaklike skoene.
- Bring asseblief jou eie swemhanddoek saam.
- Eenhede is toegerus met badhanddoeke, beddegoed, breekware en basiese kombuisware.
- Etes word voorsien en daar is ‘n gemeenskaplike koffiestasie. Jy is egter welkom om jou eie koffie en peuselhappies saam te bring om by jou verblyfeenheid te nuttig.
- Kampeerders: Eie kamptoerusting, tent/karavaan, kragprop, handoeke en beddegoed. Neem asseblief kennis dat die oord geen tente van hul eie het nie en jy moet al jou kamptoerusting self saambring.



Terug na inhoud

# Vervoerreëlings na Goudini

## Motorvervoer

- Konferensiegangers wat met hul eie voertuie reis, mag enige tyd vanaf 09:00 (24 Augustus) arriveer.
- 'n Kaart met die aangewese parkeerareas sal vooraf op die WhatsApp Bot gestuur word.
- Parkering word slegs in die aangewese parkeerareas toegelaat. Voertuie wat op ongemagtigde plekke parkeer, mag versoek word om verskuif te word.
- Om veiligheids- en toegangsbeheerredes sal slegs voertuie waarvan die registrasienommers vooraf aan ons deurgegee is, toegang tot die terrein ontvang.
- Indien jy van voertuig verander nadat jy reeds jou registrasienommer deurgestuur het, moet die nuwe registrasienommer asseblief voor aankoms aan die vervoerspan deurgegee word.
- Geen privaat voertuie mag tydens die SAAMkoms op die terrein rondry nie, maak gebruik van Goudini se pendeldiens.

## Busvervoer

Konferensiegangers wat per bus na Goudini reis, sal die nodige reisinligting by Annatha Nel of Adriaan de Ruiter ontvang.
Hierdie inligting sluit in:

- Vertrekpunt
- Vertrektyd

**Belangrik:**

- Wees minstens 15 minute voor die vertrektyd by die optelpunt.
- Die bus vertrek stiptelik volgens die geskeduleerde tyd.
- Vir enige navrae oor jou busvervoer, kontak asseblief vir **Annatha Nel 082 872 7087 of Adriaan de Ruiter 083 302 2916.**

## Vlugte

Aankoms by Kaapstad Internasionale Lughawe (24 Augustus).
Die pendeldiens is beskikbaar vir konferensiegangers wat vooraf vir lughawevervoer geregistreer het.

- Nadat jy geland het en jou bagasie afgehaal het, volg asseblief die aanwysings na die busterminaal, waar die pendeldienste vertrek.
- Daar sal personeel op die lughawe wees om jou na die korrekte vertrekpunt te wys en met enige navrae te help.
- Ons sal ook 'n kort video vooraf met alle konferensiegangers deel wat stap vir stap wys hoe om vanaf die aankomssaal by die busterminaal uit te kom.

## Belangrike riglyne

- Elke konferensieganger sal vooraf 'n WhatsApp ontvang met:
    - die vertrektyd van jou pendelvoertuig;
    - die optelpunt; en
    - enige verdere belangrike inligting rakende jou vervoer.
- Hou asseblief jou selfoon aangeskakel en beskikbaar vir enige belangrike opdaterings.
- Wees minstens 15 minute voor die geskeduleerde vertrektyd by die Bus Terminaal of die optelpunt.
- Die pendelvoertuie vertrek stiptelik volgens die skedule. Indien jy jou pendelvoertuig mis, kan dit tot gevolg hê dat jy jou rit en vlug verpas.

## Veranderings of vertragings

Indien jou vlug vertraag of gekanselleer word, stel die vervoerspan asseblief so gou moontlik daarvan in kennis sodat jou pendeldiens-reëlings aangepas kan word.

## Vertrek vanaf Goudini (28 Augustus)

Na afloop van die byeenkoms, op 28 Augustus, sal pendeldienste konferensiegangers vanaf Goudini terug na Kaapstad Internasionale Lughawe vervoer.

- Die vertrektyd van jou pendelvoertuig sal vooraf per WhatsApp aan jou gestuur word.
- Wees asseblief ten minste 15 minute voor die geskeduleerde vertrektyd by die optelpunt.
- Dit is uiters belangrik dat jy betyds by jou pendelvoertuig is. Indien jy jou pendelvoertuig mis, is daar 'n groot moontlikheid dat jy ook jou vlug kan verpas.

## Aanlyn inteken-proses vir vlugte

Onthou asseblief dat jy vir die aanlyn inteken-proses jou vlugverwysingskode (booking reference) en jou van soos op jou identiteitsdokument of paspoort sal benodig.

## Vervoer by Goudini Oord

- Slegs privaatmotors wat vooraf geregistreer het, sal toegang tot die oord verkry.
- Om die veiligheid van alle konferensiegangers te verseker en verkeer op die terrein te beperk, sal geen privaat voertuie tydens die byeenkoms op die Goudini-terrein mag rondry nie.
- 'n Pendeldiens sal deurentyd op die terrein beskikbaar wees om konferensiegangers gratis tussen die verskillende lokale en aktiwiteite te vervoer.
- Ons versoek dat konferensiegangers geduldig sal wees tydens spitstye, aangesien die pendeldiens deurlopend sal ry om almal so vinnig moontlik te vervoer.
- Jy moet jou motor parkeer op die toegewysde parkeringspasie en bly daar vir die verloop van die week, tensy jy jou motor gebruik om buite die oord rond te ry.
- Slegs gemerkte voertuie sal deur die oord toegelaat word om op die oord rond te ry.
- Indien daar enige vrae is ten op sigte van vervoer op die oord self, kontak direk vir **Dewyk Ungerer (082 572 6463)**.

Terug na inhoud

# Aankomsproses en Registrasie

## Aankomstye

Konferensiegangers arriveer vanaf 9:00 by Goudini.
Indien jy na Maandag, 24 Augustus 16:00 by die oord arriveer, kan jy direk by die hek/ontvangs van die oord aanmeld om te registreer.
Met jou aankoms sal daar 'n registrasietent wees waar jy gaan aandui dat jy teenwoordig is.

By die registrasiepunt sal jy die volgende ontvang:

- Aanwysings na jou verblyfeenheid, jy moet egter jou bevestigings WhatsApp van jou verblyfeenheid gereed hê op jou foon.
- Jy en jou bagasie word met 'n spesiale pendeldiens na jou verblyfeenheid geneem indien jy nie met jou eie motor daar is nie.
- Daar sal 'n navraag-area wees indien jy enige vrae het.

## Dagbesoekers

Indien jy na Maandag, 24 Augustus 16:00 by die oord arriveer, kan jy direk by die hek/ontvangs van die oord aanmeld om te registreer.

Terug na inhoud

# Kommunikasie tydens SAAMkoms

- WhatsApp Bot (076 512 9510) maak asseblief seker jy stoor die nommer op jou foon.)
- WhatsApp Community (indien jy nog nie deel is hiervan nie, gebruik die skakel hier onder om aan te sluit):

Predikante SAAMkoms WhatsApp Community

- Aanmeld van enige uitdagings met die oord se fasiliteite/ verblyfeenhede, kontak **Dewyk Ungerer (082 572 6463).** Moet asseblief nie direk met die oord hieroor kommunikeer nie.
- Kommunikeer enige sake rondom die byeenkoms self direk aan **Maartje van der Westhuizen (072 375 3965).**
- Ons versoek dat alle kommunikasie met die oord deur die SAAMkoms-organiseerders hanteer word.
- Ons vertrou dat elke konferensieganger die SAAMkoms sal bywoon met 'n gesindheid van geduld, omgee en wedersydse respek, en bereid sal wees om die behoeftes van die groter groep in ag te neem.

Terug na inhoud

# Koffie en Tee

- Daar sal deurgaans 'n gratis koffie-stasie beskikbaar wees langs die tent waar die etes bedien word, sowel as in die Slanghoek-area (vir konferensiegangers wat daar 'n sessie bywoon).
- Daar sal ook 'n koffie-stalletjie beskikbaar wees met 'n barista en hierdie aankope is vir jou eie rekening.

# Ete-reëlings

- Die etenstye word op die week se program aangedui.
- Alle etes word in die groot tent bedien wat spesifiek vir hierdie doeleindes opgerig is.
- Indien jy nie binne die tydsduur soos op die program aangedui die ete kan bywoon nie, sal ons ongelukkig nie die ete vir jou kan uitstel of reserveer nie.



# Week se program

Terug na inhoud

| | MAANDAG 24 AUG | DINSDAG 25 AUG | WOENDAG 26 AUG | DONDERDAG 27 AUG | VRYDAG 28 AUG |
|---|---|---|---|---|---|
| **07:00 - 08:00** | | Tee & Koffie / Beweegtyd | Tee & Koffie / Beweegtyd | Tee & Koffie / Beweegtyd | Vertrek (verskillende tye) - uit teen 10:00 |
| **08:00 - 09:00** | | **Grootsaal Byeenkoms** | **Grootsaal Byeenkoms** | **Grootsaal Byeenkoms** | |
| **09:00 - 09:30** | Aankoms & Registrasies (vanaf 09:00) | Beweegtyd | Beweegtyd | Beweegtyd | |
| **09:30 - 10:30** | | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Denkforum<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Koffiekelder<br>Speelruimte<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Denkforum<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Koffiekelder<br>Speelruimte<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Denkforum<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Koffiekelder<br>Speelruimte<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Binnekamer | |
| **10:30 - 11:00** | | Beweegtyd | Beweegtyd | Beweegtyd | |
| **11:00 - 12:00** | | **Brunch** | **Brunch** | **Brunch** | |
| **12:00 - 12:30** | | Beweegtyd | Beweegtyd | Beweegtyd | |
| **12:30 - 13:30** | | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Denkforum<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Denkforum<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Avontuurroete<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Avontuurroete<br>Binnekamer | |
| **13:30 - 14:00** | | Beweegtyd | Beweegtyd | Beweegtyd | |
| **14:00 - 15:00** | | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Speelruimte<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Avontuurroete<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Speelruimte<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Avontuurroete<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Speelruimte<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Avontuurroete<br>Binnekamer | |
| **15:00 - 16:00** | | Tee & Koffie / Beweegtyd | Tee & Koffie / Beweegtyd | Tee & Koffie / Beweegtyd | |
| **16:00 - 17:00** | | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Kletskafee<br>Boekhuis<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Binnekamer | **Sessie opsies:**<br>Idee-Ateljee<br>Woordkamer<br>Kletskafee<br>Storiestoep<br>Koffiekelder<br>Kunskapel<br>Netwerk<br>Werkswinkels<br>Binnekamer | |
| **17:00 - 17:30** | | Beweegtyd | Beweegtyd | Beweegtyd | |
| **17:30 - 18:30** | | **Aandete** | **Aandete** | **Aandete** | |
| **18:30 - 19:00** | Aandete & jaargroepreünies (18:30) | Beweegtyd | Beweegtyd | Beweegtyd | |
| **19:00 - 20:00** | | **Grootsaal Byeenkoms** | **Grootsaal Byeenkoms** | SAAM IN LOF | |

*Ander sessie opsies deur die hele dag: Gebedsroete, Oefenhoek

Terug na inhoud

## Sessies
Die sessies vind gelyktydig in verskillende lokale op die Goudini-terrein plaas. Jy kan enige tyd by jou profiel op die SAAMkoms-webblad aanmeld om te sien vir watter sessies jy geregistreer het:

Gaan na jou SAAMkoms profiel toe

Gee asseblief genoeg tyd om betyds by jou lokaal aan te meld, sodat elke sessie stiptelik kan begin. Indien jy vir 'n sessie bespreek het, vra ons dat jy dit bywoon, aangesien sommige sessies beperkte plek het. Ons sal dit ook waardeer as selfone gedurende sessies op stil gestel word, sodat almal sonder onderbrekings kan deelneem.
Ons sien daarna uit om saam met jou te leer, te luister en te groei.

## Maandagaand: Reünie Reëlings
Op Maandagaand sal daar 'n spesiale reüniegeleentheid plaasvind waar konferensiegangers die geleentheid sal hê om met ou vriende, studiegenote en kollegas te kuier.

By aankoms by die eetsaal sal konferensiegangers in die aangewese reüniegroepe ingedeel word.

Terug na inhoud

## Donderdagaand: Saam in Lof Produksie

Ons sluit die SAAMkoms op 'n hoogtepunt af! Saam in Lof is 'n musiekproduksie wat Donderdagaand deur VIA TV opgeneem en later uitgesaai sal word. Verskeie kunstenaars neem aan die program deel, maar die aand gaan nie net oor luister nie - jou stem sal ook deel wees van hierdie viering wanneer ons SAAM die Here loof.

**Belangrike reëlings:**

- Ons vra dat almal asseblief netjies aantrek vir die geleentheid. (Geen kortbroeke of plakkies).
- Neem jou sitplek op die laatste 18:45 in.
- Elkeen wat die geleentheid bywoon moet toestemming gee dat jy moontlik op kamera kan verskyn. Ons sal jou toestemming via ons WhatsApp Bot bevestig voor Donderdagaand. Indien jy nie toestemming verleen nie / ongemaklik is om moontlik op kamera te verskyn, kan jy ongelukkig nie die opname bywoon nie.
- Die opname sal teen 21:00 afgehandel wees waarna ons vir oulaas heerlik kan saam kuier.

## Volleyball Toernooi

**Datum en tyd:** Woensdag 15:00-17:00.
**Plek:** Volleyballbane naby hoofingang.
Jy hoef nie 'n professionele speler of superfiks te wees nie.
Ons is op soek na ses spelers per span wat lus is vir baie lag, pret, spanbou en lekker herinneringe!
Kry jou span bymekaar en skryf hieronder in.

Inskrywings sluit: Dinsdagaand, 25 Augustus, 24:00

Skryf jou span hier in

Terug na inhoud

## Uittekenproses

Die formele program van die byeenkoms sluit af na afloop van die Saam in Lof Produksie op Donderdagaand, 27 Augustus. Daarna kuier almal vir oulaas saam en vertrek op Vrydag, 28 Augustus (tensy anders vooraf gereël).

Indien jy met 'n pendeldiens of bus vertrek, maak seker van die tyd wat vooraf vir jou gestuur is. Die pendeldiens na die lughawe is presies uitgewerk en indien jy jou rit mis, kan jy moontlik ook jou vlug verpas. Dit is elke konferensieganger se eie verantwoordelikheid om seker te maak dat jy betyds by die pendeldiens/bus/lughawe aankom.

Voor jy vertrek, maak seker dat die eenheid waar jy gewoon het ten volle ontruim is van persoonlike items. Die sleutel van die eenheid kan in die deur gelos word.